



**higher education
& training**

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NATIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

**INLEIDING TOT STAATSBESTUUR
NKR VLAK 2**

21 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.

AFDELING A**VRAAG 1**

- 1.1 Onwaar
- 1.2 Onwaar
- 1.3 Waar
- 1.4 Waar
- 1.5 Onwaar
- 1.6 Onwaar
- 1.7 Waar
- 1.8 Waar
- 1.9 Waar
- 1.10 Onwaar

(10 × 1) [10]

VRAAG 2

- 2.1 Naturellegrondwet van 1913
- 2.2 Konstitusionele Hof
- 2.3 KODESA
- 2.4 Staat
- 2.5 Grondwet van 1996
- 2.6 OVK
- 2.7 Ordonnansies
- 2.8 President
- 2.9 Nasionale sfeer
- 2.10 Burgemeester

(10 × 1) [10]

VRAAG 3

- 3.1 E
- 3.2 I
- 3.3 J
- 3.4 F
- 3.5 A
- 3.6 D
- 3.7 H
- 3.8 G
- 3.9 B
- 3.10 C

(10 × 1) [10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B**VRAAG 4**

- 4.1
- Menseregte is daardie regte wat elke persoon ter wêreld het,
 - bloot omdat hy of sy 'n mens is.
 - As jy 'n persoon se menseregte wegneem, ✓
 - neem jy sy waardigheid weg en behandel jy daardie persoon asof hy of sy minder as 'n mens is. (5)
- 4.2
- Inklusiwiteit beteken dat die staat die behoeftes en menings van alle Suid-Afrikaners in ag moet neem wanneer planne ontwikkel en uitgevoer word of wetgewing opgestel word.
 - Dit beteken dat die behoeftes en menings van mense wat die opposisieparty ondersteun ook in aanmerking geneem moet word. Die Handves van Regte vereis dat elke burger in aanmerking geneem word wanneer die staat optree. Suid-Afrika het 'n omvangryke en uiteenlopende samelewing met verskillende rasse, gelowe en kulture.
 - Die staat moet verseker dat al sy burgers by sy besluitnemingsprosesse ingesluit word. Sodoende word verandering makliker aanvaar. (6)
- 4.3
- Konstitusionele Hof
 - Hooggeregshof
 - Hoë Hof
 - Landdroshof
 - Tradisionele hof
 - Verskeie ander hof, soos die hof vir klein eise (6)
- 4.4
- Gewone mense mag ook toegang tot die Hof vir klein eise verkry om eenvoudige sake te verhoor, byvoorbeeld, indien 'n motor geringe skade tydens 'n ongeluk opgedoen het ✓ Geen regsverteenvoerding word toegelaat nie. ✓ (3)
- [20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C**VRAAG 5**

- 5.1 Konstitusionele Hof (1)
- 5.2 Elke persoon in ons land moet met respek deur alle ander mense in die land en die staat behandel word, en daardie persoon behoort self ook andere met respek te behandel. (4)
- 5.3 Die Grondwet gee aan die staat die verantwoordelikheid om bepaalde openbare dienste aan sy burgers te voorsien. Hierdie dienste moet aan alle Suid-Afrikaners beskikbaar gestel word, ongeag hul inkomste. Die dienste sluit dinge in soos onderwys, gesondheidsorg, water, elektrisiteit en selfs openbare televisie en radio. Die staat moet mense betaal om hierdie dienste te lewer. Die Suid-Afrikaanse Grondwet is een van die gevorderdste ter wêreld en word deur baie lande geprys. (5)
- 5.4 Responsiwiteit beteken om vinnig en positief op iets te reageer. In die geval van die staat moet hy vinnig en positief op die behoeftes van die Suid-Afrikaanse bevolking reageer. Byvoorbeeld, in die geval van ernstige droogte moet die staat hulp aan die boere verleen. (5)
- 5.5 Elkeen het die reg op toegang tot gesondheidsorgdienste en niemand mag mediese noodbehandeling geweier word nie. Daarbenewens het alle Suid-Afrikaners die reg op voldoende kos en water, bestaansekereheid soos pensioene, en maatskaplike bystand as hulle nie in staat is om hulself en hul afhanklikes te onderhou nie. Volgens die Grondwet moet alle mense toegang tot water as 'n reg hê. (7)
- 5.6 Ekonomiese regte is daardie regte wat waarborg dat 'n staat sal verseker dat alle werkers regverdig behandel word. Burgers is van mening dat die staat bepaalde positiewe handeling moet uitvoer om te verseker dat mense toegang tot hierdie regte het. (3)
- 5.7
- Verskaf demokratiese en verantwoordbare bestuur aan almal in die munisipaliteit.
 - Voorsien basiese dienste soos elektrisiteit, water en sanitasie aan alle gemeenskappe.
 - Bevorder die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van mense in die munisipaliteit.
 - Bevorder 'n omgewing wat veilig en gesond is vir mense wat daar woon.
 - Sien toe dat alle gemeenskappe en ander groepe, soos geloofsgroepe, aan alle plaaslike aangeleenthede deelneem.
- (5)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D**VRAAG 6**

Grondwetlike aangeleenthede: 'n Grondwetlike aangeleentheid sluit enige kwessie in wat die betekenis, beskerming en toepassing van die Grondwet behels. Dit sluit die Handves van Regte in. Die Konstitusionele Hof is ingevolge die Grondwet ingestel en is die hoogste hof wat sake oor grondwetlike aangeleenthede aanhoor. Grondwetlike kwessies sluit in die verhouding tussen die Staat en burgers, soos wetgewing wat verkiesingsaktiwiteite en die optrede van staatsamptenare en -instellings beheer.

Strafregtelike aangeleenthede: 'n strafregtelike saak sluit in enige aangeleentheid waar 'n persoon daarvan verdink word dat hy of sy 'n misdaad gepleeg het. Sodanige sake word deur die SAPD ondersoek. Indien voldoende getuienis gevind word, word sodanige persoon vervolg en staan as die beskuldigde bekend. In 'n strafregtelike verhoor moet die staat bewys dat die beskuldigde die misdaad gepleeg het. Die beskuldigde kan getuienis lewer dat hy of sy nie skuldig bevind moet word nie.

Siviele aangeleenthede: 'n siviele aangeleentheid sluit enige saak in waar twee of meer mense verskil oor of die regte van een van hulle deur iemand se optrede benadeel is. Die persoon teen wie die saak aangehoor word, staan as die verweerder bekend. Die eiser moet sy of haar saak bewys. Die verweerder word toegelaat om getuienis voor te lê om aan te dui waarom die eis nie behoort te slaag nie. Sodra die hof albei partye se argumente aangehoor het (die eiser en die verweerder), gee die hof 'n beslissing. Die hof bepaal ook wie die prokureurskoste moet betaal. 'n Tipiese voorbeeld is die geval waar 'n getroude persoon sy of haar huwelik wil beëindig. ✓

[20]

TOTAAL AFDELING D:	20
GROOTTOTAAL:	100